**EKSTRA AKTIWITEIT**

1. In vrugtevlieë is die eienskap vir liggaamskleur grys of swart van kleur. 'n Tweede eienskap is normale vlerke of vestigiale vlerke. Vestigiale vlerke is verkreukeld en verhoed vlieë om behoorlik te vlieg.

1.1 In 'n kruising tussen 'n vlieg wat homosigoties dominant is vir beide eienskappe en 'n vlieg wat homosigoties resessief is vir beide eienskappe, is al die nakomelinge grys met normale vlerke. Identifiseer die ...

(a) dominante eienskap vir liggaamskleur. (1)

(b) resessiewe eienskap vir vlerktipe. (1)

1.2 Dit is 'n kruising wat twee eienskappe beskryf. Watter tipe kruising stel dit voor? (1)

1.3 Gebruik die letters **(B)** vir liggaamskleur en **(W)** vir vlerke. 'n Vlieg is heterosigoties vir beide eienskappe. Gee die ...

(a) genotipe van die vlieg. (2)

(b) fenotipe van die vlieg. (2)

(c) moontlike genotipes van die gamete wat dié vlieg kan produseer. (2)

**(9)**